Gaan groen met Bio-Diesel

AUTHeR (Africa Unit for Transdisciplinary Health Research) is 'n afdeling van die Noordwes-Universiteit wat fokus op Transdissiplinêre span-navorsing binne die menslike gesondheidsveld. Navorsing binne AUTHER fokus op die bevordering van gesondheid en navorsing in terme van hoe om die plattelandse en stedelike huishoudings in en om Potchefstroom aan te moedig om hul gebruikte kookolie aan die projek te gee. Verder word daar van bewusmaking gebruik gemaak om hierdie mense in te lig van die gevare wat gebruikte kookolie kan hê en hoe dit hul gesondheid benadeel.

ALENSYS (Alternative Energiesysteme) AG, Duitsland is 'n maatskappy wat handel met alternatiewe energie-sisteme en het meer as 10 jaar se ondervinding in die veld. Hulle spesialiseer in Biomassa en Biobrandstof energie projek-ontwikkeling en beleggings in Duitsland en Europa. Hulle lewer 'n breë spektrum van dienste wat variëer van die analise van kapitale beleggings met behulp van fondsinsameling, tegnologiese beplanning, tender, en realisering van biomassa sentrale. ALENSYS het al reeds meer as 500 suksesvolle sentrale binne en buite Duitsland geïmplimenteer en uitgevoer.

Die Bio-parraffin projek in Suid-Afrika word deur ALENSYS in samewerking met hul Suid-Afrikaanse projek vennoot bestuur word. Hierdie projek fokus daarop om 'n gesonder en veiliger alternatiewe bron van energie te skep, eerder as die hoog vlambare en ongesonde parrafin wat tans in lae-inkomste huishoudings gebruik word. Die insameling van gebruikte kookolie en die omset daarvan na Bio-parrafin, is nie net 'n gesonder alternatief nie, maar skep ook volhoubare werksgeleenthede vir die huishoudings waarby dit gekoop word.

Alhoewel ALENSYS nog in die proses is om so 'n Bio-Parrafin produksie projek in Suid-Afrika te installeer, is daar reeds 'n operasionele Bio-Diesel produsent in die Noordwes Provinsie. Die doel van hierdie projek is om, in samewering met AUTHER, gebruikte huishoudelike kookolie in te samel en dan weer om te sit in diesel wat meer omgewingsvriendelik is as die algemene brandstof wat tans gebruik word.

Nie net het hierdie projek 'n manier gevind om meer omgewingsbewuste brandstof te produseer nie, maar help dit ook om huishoudings en maatskappye bewus te maak van die gesondheidsgevare wat gebruikte kookolie kan dra. Huishoudings moet vermy om kookolie meer as twee keer te gebruik en daarom moedig AUTHER die gemeenskap aan om hul gebruikte kookolie aan hierdie projek te gee, waar dit weer vir 'n goeie doel aangewend kan word.

Die proses wat gevolg moet word om kookolie om te sit in Bio-Diesel.

Daar is tans dertien insamelingspute vir gebruikte kookolie in Potchefstroom. Daar kan houers vir die insameling van kookolie by die volgende afsetpunte gekry word: Potchefstroom Central School, Potchefstroom Gimnasium, Hoërskool Ferdinand Postma, The Roots Lifestyle Centre: Thyme Restaurant, Berg Lau Catering, Friendly Grocer, Boys High, Girls High, Sasol Diensstasie in Ikageng, Caltex diensstasie N12 (oorkant Mooirivier Mall), Fish & Co. In Ikageng, Abraham Kriel Kinderhuis, en by Ouma Maria en Minah, 'n huis wat as vertrekpunt vir die projek begin het.

Bio-Diesel is reeds vandag beskikbaar vir publieke gebruik. Vir verdere inligting aangaande die Bio-Diesel Projek kontak Lizmari van der Merwe, Projek Assistent AUTHeR by 018 299 2081 of e-pos 20320604@nwu.ac.za